higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1130**(A)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede Vraestel)

(9090165)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. ALLE werk wat nie nagesien moet word nie, moet duidelik deurgehaal wees.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Verdraging (‘tolerance’)

1.1.2 Meerdimensioneel

1.1.3 Stimulant

1.1.4 Hallusinasies

1.1.5 Euforie

(5 × 2) (10)

1.2 Gee die korrekte term vir die volgende:

1.2.1 Om net vir jouself te lewe

1.2.2 Die onvermoë om seksueel aan slegs een maat getrou te bly

1.2.3 ’n Persoon wat seksuele genot daaruit put om ander mense seer te maak

1.2.4 Die verwydering van ’n man se testikels

1.2.5 ’n Persoon wat seksuele bevrediging verkry deur na ander mense se geslagsorgane of geslagsomgang te kyk

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Transvestiete is altyd homoseksueel.

1.3.2 ’n Pedofiel verkry seksuele bevrediging deur geslagsomgang met diere te beoefen.

1.3.3 ’n Persoon se intelligensie bly hul hele lewe lank konstant.

1.3.4 Oorerwing speel nie ’n rol in die voorkoms van verstandelike vertraging nie.

1.3.5 As ’n vrou binne die eerste drie maande van haar swangerskap Duitse masels opdoen, is die kanse 100% dat die kind misvorm sal wees.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Noem die skade wat aan die fetus berokken kan word indien die moeder tydens haar swangerskap aan X-strale blootgestel word. (2)

1.5 Noem die chromosoomafwyking wat by persone met Down-sindroom aangetref word. (2)

1.6 Dui aan wanneer die behandeling teen fenielketonurie 'n aanvang moet neem om 'n betekenisvolle uitwerking op beter gesondheid te hê. (2)

1.7 Gee die rede vir abnormale skedelontwikkeling in die geval van hidrokefalie. (2)

1.8 Gee die korrekte term vir die volgende:

Die verkeerde evaluering van die werklikheid en die geneigdheid om spanning eerder te vermy as om dit te hanteer (2)
[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Bespreek die fisiologiese faktore wat tot alkoholisme kan lei. (10)

2.2 Skryf kort aantekeninge oor die kliniese beeld van die homoseksuele persoon. (5)

2.3 Noem VYF patologiese faktore wat verstandelike vertraging kan veroorsaak. (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die volgende:

3.1.1 Ekshibisionisme

3.1.2 Fetisjisme

(2 × 5) (10)

3.2 Bespreek die volgende betreffende psigosomatiese siektes:

3.2.1 Hipertensie

3.2.2 Maagrouseer

(2 × 5) (10)
[20]

VRAAG 4

4.1 Bespreek die kliniese beeld van ’n persoon wat aan ’n fobie ly. (10)

4.2 Verduidelik die volgende soorte dissosiatiewe histerie:

4.2.1 Amnesie

4.2.2 Neurotiese slaap

(2 × 5) (10)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem TIEN faktore wat in gedagte gehou moet word wanneer die ideale wagkamer beplan word. (10)

5.2 Verduidelik ’n mediese sekretaresse se pligte rakende die spreekkamer. (8)

5.3 Noem TWEE belangrike faktore wat in gedagte gehou moet word wanneer afsprake gemaak word. (2)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou